

Hoofstuk van die dag: Jeremia 6

> *Ek is met die woede van die Here vervul; ek is moeg daarvan om my in te hou. (Jer 6:11a, 2020-vertaling)*

Die situasie in Jerusalem was bedenklik. Die geestelike leiers praat die volk na die mond (vers 14), al is die land deur en

deur korrup (vers 13). Daar is geen skaamgevoel meer oor nie (vers 15).
In hierdie haglike omstandighede moes Jeremia die stem van die Here wees. Selfs tóé was daar nog geleentheid vir omdraai (vers 8, 16). As iemand net wou luister!
Uiteindelik bring dit Jeremia by breekpunt. Hy kon dit nie meer verduur nie (vers 11a, NAV).Hy wou oopbars, só erg brand die woede van die Here in hom. Hy bid dat jonk en oud, kinders en grysaards, deur die toorn van die Here verteer word (vers 11b).
Dalk was jy ook al daar: só ontsteld en magteloos omdat niemand hulle aan God en sy gebod steur nie, dat jy die wraak van God oor mense wil afbid, soos Jakobus en Johannes wou doen met die Samaritaanse dorp (Luk 9:54). Onthou dan dat dit nie ons taak is om te oordeel nie. Ons roeping is om liefde te bly gee. God sal op sy eie goeie tyd regspreek (vgl Rom 12:19).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026